

Gereformeerde Kerk Bellville – 15 Julie 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 9-1:3, 4 (Sb 26)

- 3 Ek tog, Ek ywer teen my haters; / maak dan geen beeld om dié te aanbid;
Ek straf hul streng, die wetverlaters, / tot in die derde en vierde lid.
- 4 Maar Ek bewys barmhartighede / en bly aan duisende getrou,
wat tot My kom met hul gebede / en wat my wette onderhou.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 97:1, 4 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer,
en juig, saam met die strande / van afgeleë lande.
Daar's wolkedonkerheid / rondom sy majesteit;
sy rykstroom is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.
- 4 Beskaamd word alle siel / wat voor die beelde kniel,
met lofwoord en gebede / gerig tot nietighede.
Hoog bo hul sit die HEER; / Hy's God, en niemand meer!
Hul buig hul, diep en stom, / die ganse godedom, / voor God se grootheid neer.

Gebed

Psalm 106:1, 2 (p. 523)

- 1 Geloofd sy God, die eewge HEER! / Gee aan Hom vrolik roem en eer!
Sy goedheid ken geen pale of perke, / geen maat of tyd. Maar wie is hy
wat uit kan spreek sy grote werke, sy lof kan uitsing na waardy?
- 2 Welsalig wie die reg betrag, / en dankbaar op Gods woorde ag.
O HEER, wees aan my nou gedagtig / en kom my met u guns naby,
Dat ek, u volk se heil deelagtig, / my met u erfdeel kan verbly.

Skriflesing: 2 Petrus 1:1-21; Heidelbergse Kategismus, Sondag 35:98

Kernvers: 2 Petrus 1:19-21

En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.

(2 Petrus 1:19-21 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 98: Mag ons beelde as “boeke van die leke” in die kerkgeboue toelaat?

Antwoord: Nee, want ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie (a), maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig (b).

(a) Jer 10:8; Heb 2:18. (b) Rom 10:14, 15, 17; 2 Pet 1:19; 2 Tim 3:16, 17.

Tema: Die lewende Woord is die vaste fondament vir die geloof

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, dikwels kom 'n mens op 'n begrip of 'n woord in ons Kategismus af wat vir gelowiges in die een en twintigste eeu vreemd op die oor val. En vir baie kinders is sulke begrippe en woorde heeltemal buite hulle verwysingsraamwerk. Die vraag waarby ons vanaand stilstaan, het juis sulke vreemde begrippe en woorde.

Om hierdie begrippe en woorde te verduidelik, moet 'n mens die tyd waarin die Kategismus ontstaan het in gedagte hou. Dit was in 1563 in die tyd van die Hervorming. Al die lidmate in die gereformeerde kerke was vroeër almal lidmate in die Rooms-Katolieke Kerk. En in die katedrale van die Roomse kerk was daar altyd beelde, maar in die kerkgeboue waar hulle nou aanbid as gereformeerdes is daar nie beelde nie. Daarom word daar gevra: ***Mag ons beelde as “boeke van die leke” in die kerkgeboue toelaat?***

In die Roomse kerk het daar deur die eeue die gedagte ontstaan dat die kerkvolk – dit is die lidmate – eerder nie die Bybel moet lees nie sodat hulle nie 'n verkeerde verstaan kry van die Skrif nie. Lidmate is verbied om die Bybel te lees en baie kon dit ook nie lees nie, want die Bybel was nie in die gewone spreektaal van die lidmate vertaal nie. Vir baie jare het die Roomse kerk ook verbied dat die Bybel in die spreektaal van die lidmate vertaal moet word. Net die priesters was in staat om die Bybel in Latyn te lees en te verstaan en net hulle mag vir die lidmate verduidelik wat in die Bybel geskryf staan. Daarom het hulle in die Roomse kerk die onderskeid gemaak tussen die priesters – wat die geestelikes genoem is – en die lidmate – wat leke genoem is.

Dit is baie hartseer as daar vandag nog steeds gelowiges is wat na hulleself as leke verwys en meen dat die predikante en ouderlinge die enigste ouens is wat die Bybel kan verstaan en uitleë. Die Bybel ken nie hierdie onderskeid tussen mense nie. Die enigste mense in die Nuwe Testament wat 'n onderskeid maak tussen wetsgeleerdes en die ander mense is die Fariseërs. En ons weet hoe haatdraend die Fariseërs teenoor Jesus was. Jesus het egter enigiemand in sy teenwoordigheid ontvang en geleer – selfs die tollenaars en sondaars – en daarvoor was die Fariseërs vreeslik ontsteld gewees. Boonop het Jesus sy dissipels onderrig en toegerus en uitgestuur sodat hulle aan ander mense die koninkryk van God kon gaan verkondig.

Omdat die lidmate in die Roomse kerk nie in staat was om die Bybel te lees nie, het die priesters die heidense invloed van beelde in die katedrale toegelaat en selfs bevorder. Die beelde wat algemeen in die katedrale voorkom, is beelde van Maria met of sonder Jesus as klein Kindjie in haar arms. Die bekendste, of moet ons eerder sê die berugste, beeld is die afbeelding van die kruistoneel. Dit is die afbeelding van Jesus aan die kruis met die doringkroon op sy hoof.

Met die uitdrukking “boeke van die leke” het die Roomse kerk die beelde in die katedrale probeer goedpraat. Pous Gregorius het hierdie uitdrukking die eerste maal in die sesde eeu gebruik. In daardie tyd het die biskop in Marseille in Frankryk met groot ywer die beelde uit die katedraal begin verwyder. Toe die pous daarvan hoor, het hy aan hom 'n brief geskryf en gesê dat lidmate nou wel nie die beelde mag aanbid nie, maar die beelde is tog nuttig as “boeke van die leke” om die onkundige volk te onderrig.

Broers, susters en kinders, toe ons 'n vorige keer stilgestaan het by die eerste twee vrae in Sondag 35 het ons gehoor dat die Here mense soek wat Hom in gees en in waarheid sal aanbid. Ons moenie 'n beeld van God probeer maak nie, want dit sal altyd 'n valse

beeld wees. God maak Homself nie teenwoordig deur middel van 'n beeld nie. Hy is alomteenwoordig en Hy is Gees, daarom is Hy vir die mens onsienlik.

In hierdie derde vraag gaan dit oor hoe God wil hê dat mense Hom sal leer ken. Omdat Hy nie afgebeeld mag word nie, kan ons seker wees dat Hy ook nie wil hê dat mense Hom deur middel van dooie beelde leer ken nie. Hy is immers die lewende God. Daarom het Hy ook die mens na sy beeld en gelykenis geskape.

Ons kan die verbod in die tweede gebod so verwoord: God verbied die mens om 'n beeld van Hom te maak. 'n Mens kan die positiewe kant of bevel van die tweede gebod so verwoord: God eis dat die mens beeld van God sal wees. Toe God die mens in die begin geskep het, het Hy aan die mens 'n mate van sommige van sy eienskappe aan die mens gegee. In Sondag 3 bely ons dat God die mens goed en na sy ewebeeld geskep het. Dit beteken dat die mens in ware geregtigheid en heiligheid geskep is. Die mens was geskep met wysheid en kennis van God, van homself en van die skepping.

Met hierdie gawes en eienskappe kon die eerste mense 'n dinamiese gelykenis van God wees in hulle daaglikse lewe. Omdat God die mens na sy beeld geskep het, het God geëis dat die mens draer van sy beeld sal wees in alles wat hulle doen. Om God se beeld te dra – of anders gesê – om God in sy doen en late te vertoon was die oorspronklike erediens. Onthou in die tuin van Eden was daar nie 'n kerkgebou waarin Adam en Eva 'n erediens gehad het nie. Hulle het nie 'n Bybel gehad en iemand wat vir hulle preek nie. Die Bybel en preke was nie nodig nie, want die mens en sy vrou het God volmaak geken. Die oorspronklike erediens het dus daarin bestaan dat die mens en sy vrou God se beeld moes vertoon in alles wat hulle gedoen het. Hulle optrede teenoor mekaar sowel as hulle werk in die res van die skepping.

Die sondeval het egter plaasgevind. As gevolg van die sondeval is die mens nie meer volmaak beeld van God nie en ken die mens God nie meer soos in die begin nie. Daarom het God die formele erediens ingestel wat bestaan in die lees van die Bybel en die verkondiging daarvan sowel as in die gebede wat in woorde en liedere tot God uitgespreek word. Deur middel van die formele erediens is God besig om die oorspronklike en eintlike erediens by die gelowiges te bevorder.

God wil sy gelowiges nie deur stom beelde nie, maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig. Daarom is dit so belangrik dat 'n gelowige voortdurend die verkondiging van die Woord sal soek en homself in die rykdom van die Woord verdiep. Daar is vandag steeds mense wat die Woord van God verkleineer deur allerhande onsin oor die Bybel kwyt te raak.

Wanneer Petrus hierdie tweede brief aan die gelowiges skryf, doen hy dit omdat hy baie besorg is oor hulle. Hy weet dat sy dood nie meer baie ver is nie en hy wil hê dat die gelowiges 'n vaste fondament vir hulle geloof sal hê. Hierdie gelowiges het met dwaalleraars te doen gehad wat die apostels se verkondiging as praatjies afgemaak het. Hulle wou nie glo dat Jesus werklik die Christus is nie. Hulle wou nie glo dat daar 'n dag gaan aanbreek wanneer Christus sal terugkom om as Regter oor die lewendes en dooies te oordeel nie.

Die vaste fondament vir die geloof wat Petrus dan aan die gelowiges nalaat, is die Woord van God – die Woord wat hy en die ander apostels verkondig het en die Woord wat deur die profete verkondig is. Albei hierdie verkondigings – dié van die apostels en dié van die profete is twee getuies wat van die waarheid aangaande Jesus Christus getuig. Die

apostels se verkondiging was nie net praatjies nie. Hulle het die krag en koms van Jesus Christus verkondig, want hy (Petrus) het saam met Johannes en Jakobus op die berg van ver-heerliking die heerlijkheid van Jesus Christus gesien. En hulle het self God se stem uit die hemel gehoor toe Hy gesê het:

Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. (2 Petrus 1:17 AFR53)

Die heerlijkheid en majesteit van Jesus wat hulle gesien het en die stem van God wat hulle gehoor het, het die woorde van die profete bevestig. Daarom sê hy vir die gelowiges aan wie hy skryf: **Ons het die profetiese woorde wat baie vas is.** Die *ons* in die sin verwys na die apostels maar ook na die gelowiges aan wie hy skryf. Die kerk, as volk van die Here, het die profetiese woorde wat baie vas is. Die profetiese woorde is 'n manier om na die hele Ou Testament te verwys.

Die Ou Testament bevat die beloftes van Jesus Christus. In die Ou Testament is die geboorte van Christus vooruit gesê, waar Hy gebore sou word en uit watter stam van Israel Hy gebore sal word en selfs uit wie se geslag Hy gebore sal word. Selfs die een wat vir Hom die weg by die volk sou voorberei – Johannes die Doper – is in die Ou Testament aangekondig.

Verder is die werk van die Christus, sy wonderwerke en uiteindelik sy lyding, dood en opstanding deur die profete bekend gemaak. Die koms van die Heilige Gees is geprofeteer en die wederkoms van Christus as Regter – die dag van die Here wanneer Hy gaan oordeel. Bykans al hierdie beloftes aangaande Christus – sy geboorte, lyding, dood en opstanding – het die apostels gesien vervul word. En toe Petrus Jesus in sy majesteit en heerlijkheid op die berg gesien het, is die profetiese woorde net nog meer vir hom bevestig. Die profetiese is die ware en egte Woord van God. Dit is 'n vaste fondament vir die geloof.

Omdat die Woord van God die vaste fondament vir die geloof is, moet gelowiges daarop ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn totdat die dag van Christus se wederkoms aanbreek en die môrester in hulle harte opgaan. In Psalm 119 word die Woord van God vergelyk met 'n lamp wat lig gee vir die gelowige op sy lewenspad.

Die wêreld waarin die gelowiges hulle tans bevind is nie net donker nie. Die woord wat ons vertaal met *donker* sê ook dat die wêreld waarin die gelowiges hulle bevind vuil is. Om veilig te bly en koers te kan hou in 'n wêreld wat donker en vuil is van die sonde en die dwalings van die valse leraars, het die gelowige die lamp van God se Woord nodig.

In hierdie wêreld is daar baie klippe waarteen jy jou kan stamp en waaroor jy kan struikel. Die duiwel en sy trawante is uitgeslape en hou soms dinge aan 'n mens voor wat amper soos die waarheid lyk. Die gelowige wat nie waaksaam is nie en nie die stok en staf van die goeie Herder sien nie, sal die leuen vir die waarheid kan verwar. Ander kere lok die wêreld met allerhande mooi beloftes van vryheid en plesier gelowiges na afdraaipadjes.

Daarom is dit so noodsaaklik dat die gelowige daagliks die lig van God sal opsoek. Dit is immers in die Woord en in die verkondiging van die Woord wat die Here Homself bekend maak aan sy kinders. Met hierdie Woord onderrig die Heilige Gees die gelowiges sodat hulle die leuen van die waarheid kan onderskei en daarvan wegvlug. Met die Woord leer die Heilige Gees die gelowige om die pad van die Here te kan onderskei van die afdraaipadjes waarheen die wêreld 'n mens lok.

In die lig van die Woord moet die gelowige lewe totdat die dag aanbreek. Hierdie dag is

die dag waarop Christus sal terugkeer en op daardie dag sal die môrester opgaan in die harte van die gelowiges. Christus noem Homself die helder môrester (Open 22:16). Ek verstaan die opgang van die môrester in die harte van die gelowiges so dat hulle op daardie dag weer volmaak die beeld van God sal wees. Dan sal die gelowiges weer in ware heiligheid en geregtigheid kan lewe en nooit weer sondig nie. Dan is die Bybel nie meer nodig nie, want die Here Jesus is dan by sy mense en hulle kan self sy stem hoor en Hom loof en prys.

Hierdie Woord wat die vaste fondament vir die geloof is, God se onfeilbare Woord. Dit is nie deur mense uitgedink nie. Dit is ook nie mense se belewenis van God wat op skrif gestel is nie. Die Heilige Gees het die heilige mense – die mense wat God vir hierdie doel afgesonder het – gedryf om die woorde wat van God kom neer te skryf. Aangesien die Heilige Gees die eintlike Skrywer van die Bybel is, moet ons nie sê dat die Bybel net deur sommige mense verstaan en uitgelê kan word nie. Elkeen wat waarlik in Jesus Christus glo, glo omdat die Heilige Gees in hom teenwoordig is. As jy dan glo, het jy die Skrywer van die Bybel in jou. Vra Hom dan om jou te help om die Woord te verstaan en toe te pas in jou lewe.

Geliefdes, in sy wysheid het God gekies om mense met sy Woord te leer van Homself en hoe hulle moet lewe. Die Bybel is dié gereedskap wat die Heilige Gees gebruik om geloof in mense se harte op te wek en met hierdie Woord voed en versterk Hy die geloof. Mag die Heilige Gees ons ywerig maak om die Woord van God in te drink soos 'n babatjie melk drink. Dan sal jou geloof standvastig in Christus bly.

Amen!

Slotgebed

Psalm 119:39, 40 (p. 594)

- 39 HEER, u woord is my 'n fakkelt / wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse / van my lewenspad verja.
'k Het gesweer, deur u ontferming / dit bevestig, dat ek my,
van 'n wêreldnag omgewe, / deur die ligglans wil laat lei.
- 40 Troos my nou met u beloftes; / teëspoede druk my neer.
Laat my offers – my gebede – / U behaaglik wees, o HEER!
Of my lewe al in gevaar is, / of die dood my al bedreig –
'k kan u wette nie vergeet nie, / so 's my hart daartoe geneig.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
15 Julie 2018